



# ONS LEER BREI

## (LES 6)

IN DIÉ LES VERDUIDELIK ONS DIE VORMING VAN SKOUERS, MOUSGATE, MOUKOPPE, HALSRANDE EN DIE BREI VAN KRAE



Mousgat vir ronde moukop



Raglan-mousgat



Skouervorming vir ronde moukop




Ronde moukop




Raglan-moukop



Ronde halsrand



V-hals-vorming



Puntkraag

### VORMING VAN MOUSGATE

**Mousgate vir ronde moukoppe:** Om 'n ronde moukop netjies te laat pas, moet die mousgat in die voorpant dieper uitgehol word as in die agterpant. Heg dus 'n aantal steke gelykstaande aan 2 cm af aan die begin van die eerste twee rye van die mousgat-vorming. Dit geld vir die voor- en agterpant.

Aan die mousgatrande van die voorpant moet daar dan in die volgende regtekantry aan weerskante 2 steke afgeheg word; in die daaropvolgende regtekantry 1 steek aan weerskante en dan nog 'n paar keer 1 steek in alternatiewe rye, maar vir die mousgat in die agterpant word voortgegaan met die vermindering van 1 steek aan weerskante in die volgende alternatiewe rye. Die aantal rye hang af van die dikte van die breigaring en hoe diep die mousgat uitgehol moet word.

**Raglanmousgate:** Dit begin op dieselfde manier as die mousgate vir ronde moukoppe, want die afskuinsing kan nie regstreeks van onder die arm tot by die halsrand strek nie. So 'n mou sal skeef trek.

Begin dus weer deur steke wat gelykstaande aan 2 cm is af te heg. Verminder dan in die daaropvolgende alternatiewe rye 1 steek aan weerskante. Raadpleeg les 4 indien 'n sierlike skuins rand verlang word.

### VORMING VAN SKOUERS

**Skouervorming vir ronde moukoppe:** Die aantal steke wat op die breinaald is nadat 18 cm vanaf die begin van die mousgatvorming voltooi is, word min of meer so verdeel: bereken sowat een derde van die steke vir die halsopening en twee derdes vir die skouers. Die halsrand moet

van die begin tot die einde van die vorming daarvan nie dieper as 2,5 cm wees nie.

Saalskouers se agterste rand word gebrei om teen die skouerrand van die agterpant te pas. Die voorpant se skouerrand se steke word in een ry afgeheg terwyl die agterpant se skouerrand gevorm word deur 1 steek in elke ry aan beide die regte en verkeerde kant van die werk af te heg.

### VORMING VAN MOUKOPPE

**Vorming van ronde moukoppe:** Wanneer die verlangde lengte vir 'n mou bereik is, word ongeveer 6 of 7 steke aan weerskante van die breiwerk afgeheg, dan 2 steke aan die begin van elke ry tot 'n aantal steke gelyk aan 5 cm oorbly. Dié steke word dan in een ry afgeheg.

By die vorming van die moukop moet die dikte van die arm van die persoon vir wie gebrei word natuurlik in ag geneem word. Vir 'n dik arm moet die moukop geleidelik gerond word terwyl die moukop smaller gebrei word om 'n dunner arm te pas.

**Die vorming van twee soorte raglanmoukoppe:** Weer eens wanneer die mou lank genoeg gebrei is, moet weerskante van die werk 'n aantal steke gelyk aan 2 cm afgeheg word. Heg daarna 1 steek aan weerskante in die daaropvolgende alternatiewe rye af om die raglanafskuinsing te verkry. Dit is die een manier om 'n raglanmoukop te vorm.

Die ander manier is om 'n pylnaat in te brei en dan gaan die breier so te werk: ongeveer 7 cm van die bopunt van die mou af word 1 steek aan weerskante van die moukop se middelste steek verminder deur voor die

middelste steek 1 steek te glip, 1 te brei en dan die glipsteek oor die gebreide steek te trek. Brei nou die middelste steek en na dié steek word 2 steke saam gebrei. Die proses word 6 keer, 6 rye uitmekaar, herhaal. Dit beteken dus een vermindering van twee steke elke sentimeter wat gebrei is. Heg dan die oorblywende 4 of 5 steke af.

### VORMING VAN HALSE

**Ronde en vierkantige halse:** Dié halsvorming begin gewoonlik ongeveer 10 cm voor die skouervorming. Vir 'n **ronde hals** word die helfte van die totale aantal steke wat vir die halsopening bereken is, gelyktydig afgeheg. Die twee skouers word verder afsonderlik gebrei.

Verminder elke 2 of 3 rye 1 steek aan die halsrand om die ronding te verkry tot slegs die skouersteke oorbly. Brei die skouer soos in paragraaf 3 uiteengesit.

Brei die tweede skouer op dieselfde wyse met al die vormings omgekeerd.

Vir 'n **vierkantige hals** word al die halssteke in een ry afgeheg en die skouers word dan reguit gebrei en afgeheg soos in paragraaf 3 uiteengesit.

Die halsstroke word so gebrei: Vir albei halse word een skouernaat toegewerk. Tel die steke dan oor die halsrande van die voor- en agterpant op en brei ongeveer 6 cm ruffelsteek heen en weer oor al die steke. Let daarop dat by 'n vierkantige hals op elke hoek in elke ry 'n steek verminder moet word. Heg lossies af wanneer die strook breed genoeg is, en werk die tweede skouernaat en die strook se naat aaneen toe. Vou die strook na die verkeerde kant om en werk die afhegrand aan die opstelry vas.

# ONS LEER BREI

VAN BLADSY 111

**Polohals en -kraag:** Vir dié hals word die pant langer gebrei voor die hals gevorm word en die kraag word met 5 tweepunt-breinaalde gebrei. Werk albei die skouernate toe en tel die steke op. Verdeel hulle tussen 4 naalde en brei met die 5e naald.

Om 'n punkkraag of geriffelde, ingeplooië kraag netjies aan 'n ronde halsrand vas te kry, is dit beter om die kraag afsonderlik te brei en dit dan aan die halsrand vas te maas.

**V-halsvorming:** Gewoonlik begin die vorming van 'n V-hals in dieselfde ry as die

vorming van die mousgate. Heg die middelste steek af en voltooi die twee kante afsonderlik op presies dieselfde wyse, maar met die vorming omgekeerd.

Baie breisters gebruik 2 bolle breigaring en 'n ekstra breinaald en brei dan die twee skouers gelyktydig.

Vir 'n V-hals wat nie skerp gepunt is nie word een steek elke 4e ry, 3 steke van die halsrand af verminder. Die linkerrand word gevorm deur 2 steke saam te brei, maar vir die regterrand moet glip 1 steek, brei 1 steek, trek glipsteek oor gebrei word.

Vir die halsstrook word steke opgetel soos reeds uiteengesit en by die punt van die V moet voor en na die middelste steek in elke alternatiewe ry 1 steek verminder word soos uiteengesit vir raglanskouers.

## BREI VAN KRAE


**Punt- en ander krae:** By 'n kledingstuk met knope of 'n ritsluitter voor kan 'n punkkraag aangebrey word deur die steke om die hals op te tel nadat die skouernate toegewerk is. Brei die kraag dan soos uiteengesit in die patroon wat gebrey word.

By 'n trui met 'n knoophals moet 'n knoopflap aangebrey word deur 'n paar ekstra steke op te stel wanneer met die brei van die opening begin word. Dit moet breed genoeg wees om onder die knoopsgatstrook te pas en word dus aan die teenoorgestelde rand gebrey. Die flap word aan die binnekant met 'n paar vangsteke vasgework.

Die kraag moet aan weerskante van die knoopsgatstrook begin en eindig.

7.30nm.Sat.14 Maart 1958.

## SKOFBAAS BOEP BOTHA SE MAAG WAS BESIG OM SY WERK TE ONDERMYN.



Boep Botha en sy manne was vuur en vlam om nog 'n keer die skofrekord te breek. Maar Boep, wat die manne moes inspireer, se geesdrif was besig om te kwyn. Want as mens skofte werk, en dit nog ondergrond ook, dan eet jy nie altyd wanneer jy moet nie, en jy loop ook nie altyd jou draaie wanneer jy moet nie. En dis al dié gedoentes en spanning oor die skofrekord wat vir Boep so hardlywig gemaak het.

Hy't begin kopseer kry en lusteloos geraak en hy't geweet hy moes iets doen want sy werk het daaronder begin ly. Toe praat hy maar met Griet. En soos gewoonlik het sy goeie raad gehad. Lennon Lewensessens.

Dit was nie lank nie, toe's Boep weer pure perd. En hy en sy manne het met hulle volgende skof 'n rekord opgestel wat nou nog staan.

Lennon Lewensessens word al vir meer as 100 jaar vervaardig, en net soos al die ander Lennon Hollandse Medisyne bestaan dit uit natuurlike bestanddele wat volkome betroubaar en doeltreffend is vir die hele gesin.

En Lennon Hollandse Medisyne word al geslagte lank gebruik om ons ou volkie gesond te dokter.

## Vra vir die ou mense.

Skryf aan Lennon Laboratoriums, Posbus 165, Port Elizabeth 6000, vir 'n gratis Lennon Hollandse Medisynehandboek.

Naam: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_



**LENNON  
HOLLANDSE  
MEDISYNE**

Elke 5 ml bevat: Kaapse Aalwyn 216,667 mg. Plus die Alkoholiese Ekstrak van: Afrika-gemmer 14,167 mg; Rabarber 30,000 mg; Gentiaan 30,000 mg; Mirre 20,000 mg; Galangal 10,000 mg; Borrie 15,000 mg.